

Die lofprysing wat uit hoop voortspruit.

Teks: Psalm 71: 1 - 24

Teks: Psalm 71: 14

1. Inleiding.

Die ouer mense onder ons vanoggend verstaan miskien hierdie Psalm beter. Dit was immers ook die teks by die begrafnis van ons oudste lidmaat so 3 jaar gelede. Om ouer te word, het unieke uitdagings. En ons ander wat nog jonger is, kry genoeg met ouer mense te doen om miskien iets van hierdie uitdagings te verstaan. Juis ook in hierdie pandemie tydperk waarin ons leef, lyk dit of ouer mense uitgelewer is. Wat gesondheid betref loop hulle natuurlik 'n groter risiko om siek te word. En wat die ekonomie betref gaan die waarskynlik swaarder gaan met hulle beleggings en rente-inkomste.

En dit is waar ons die onbekende skrywer van Psalm 71 ontmoet. Hy is 'n ouer persoon. 'n Ouer persoon wat bekommerd is. Die psalm se ligging tussen psalm 70 van koning Dawid en Psalm 72 van Salomo, openbaar iets van die Outeur. Die skrywer van Psalm 71 is waarskynlik 'n vermoënde man, wat altyd agter homself kon kyk. Maar die swakheid wat saam met die Ouderdom kom, verander dinge. Die outeur voel uitgelewer aan sy vyande.

Tog is dit juis waar die woorde van Psalm 71 vir ons almal vanoggend belangrik is. Want onsekerheid en vrees het oor die laaste tyd deel van ons daaglikse lewe geword. Maar hoe pak 'n gelowige hierdie onseker tye aan. Ja, veral tye waarin ons voel dat ons kragte maar net te kort skiet. Wat doen ons gedurende hierdie moeilike fase van ons lewe. Hierdie tyd waar dit voel of die wêreld oor ons praat soos in vers 11: "agtervolg en gryp hom, want daar is geen redder nie!" Kom ons word stil voor die waarheid in Psalm 71 soos dit opgesom word in ons teksvers, vers 14: "Ek sal altyd op U bly hoop. Ek sal altyd vertel van die goeie dinge wat U doen."

2. Wanneer dinge nie meer dieselfde is nie.

Wanneer ons oor ouderdom praat dan is daar veral een gedeelte uit die Woord van die Here wat uitstaan: "18Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, toe jy jonger was, het jy jouself gegord en rondgegaan waar jy wou; maar wanneer jy oud geword het, sal jy jou hande uitsteek, en 'n ander een sal jou gord en bring waar jy nie wil wees nie. Hierdie woorde uit Johannes 21:18 waarmee Christus vir Petrus sy toekoms openbaar, voel so bekend aan ouer mense. En dit som ook dikwels die toestand na verandering op.

Maar verandering is seker dit waarvoor die jaar 2020 bekend is, en onthou sal word. Die Psalmdigter roep in vers 4 vir bevryding uit die mag van die geweldenaar. En dit is hoe ons juis in hierdie tyd en omstandighede voel. Ons voel gevange geneem in die mag van die geweldenaar. En of jy nou die geweldenaar as die Covid-19 virus sien wat jou gesondheid en lewe bedreig. En of die geweldenaar dalk die drakoniëse wetgewing is, wat besig is om jou ekonomiese vooruitsigte te vermoor. Die situasie bly dieselfde. 'n Mens voel magteloos uitgelewer soos 'n bejaarde aan jong sterker aanvallers.

'n Mens voel dat jy soos die Psalmdigter in vers 1 skuiling nodig het, want die vastigheid het verdwyn. In die huidige tyd en situasie voel die woorde van Psalm 71 so eie aan ons. Want dit is Woorde wat voortdurend wissel van vreesbevange benoudheid, tot 'n rotsvaste redding uit enige omstandighede. En daarom is die eerste begrip wat in ons teksvers geopenbaar word, tydsduur. 'n Lang tydsduur, in die woorde gedurigdeur of altyddeur. Dit is 'n omvattende verwysing na tyd wat langer of groter is as my eie

lewe. Tyd wat my hele lewe en selfs meer beslaan. En dit is presies waar ons die Here aantref, in dit wat groter en verder as my vermoëns en selfs my wese strek. Die Here wat gister, vandag en more dieselfde is, wat nie verander nie, selfs wanneer letterlik alles rondom ons verander. Ja, veral ook wanneer ons magteloos uitgelewer voel aan hierdie veranderings.

3. Bly altyd hoop.

So ons reeds gesê het, bly die Here gister, vandag en more dieselfde. En dit laat 'n sekere oortuiging by die gelowige. Ons sien dit duidelik hier in Psalm 71. Keer op keer is die Psalm digter bekommerd dat hy verlaat sal word deur die Here. Ons sien hierdie uitroepe in vers 9 en vers 18, En dit is natuurlik 'n vrees veral vir bejaarde mense.

Die Psalm digter kontrasteer, hierdie verlatenheid op sy oudag, juis met 'n teenwoordigheid by sy geboorte in vers 5-6a en 17a. Vir ons is dit geen vreemde verskynsel vandag nie. Almal is opgewonde oor 'n nuwe baba. Maar mense in die algemeen is minder opgewonde of geneë om ou mense te versorg. Dink maar hoe eienaardig dit was toe hulle deesdae doeke vir volwasse mense begin adverteer, in plaas van doeke vir babas. Ja, selfs vandag word bejaardes makliker verwaarloos as kinders.

Dit bring ons by ons verhouding met die Here. Ons is soms so meegesleur deur 'n presterende wêreld, dat ons dink geloof gaan ook nie 'n plek hê vir 'n swakkeling. Ons as Gereformeerde gelowiges het geen illusies dat ons totaal en al afhanklik van die Here is. Maar ons worsteling is soms dieselfde as die psalmdigter van Psalm 71. Sal die Here vir my omgee, my kom uitred, self al word ek verwerp, afgeskryf deur die samelewing.

Maar uiteindelik is dit die rede waarom die Here self die sonde kom wegneem. Dit wat maak dat die Heilige God ons as mense moet verwerp word weggeneem.

Dit word gedoen deur ons Verlosser ons Here Jesus Christus. En daarom het hierdie Psalm ook die gevoel van Psalm 22. My God, my God, waarom het U my verlaat. Woorde wat ons Verlosser aan die kruis uiter, sodat ons nooit weer verlaat deur die Here sal wees nie. En as gevolg van die redding en verlossing is daar altyd hoop vir ons. Daarom kan ons altyddeur hoop.

4. Bly altyd lofprys.

Maar om te bly hoop is nie 'n passiewe stil sit en stil bly nie. Nee, die Heilige Gees werk iets anders in die mens. En weereens is dit die tydsaanduiding altyddeur, wat gebruik word. Selfs die tegniese manier waarop die werkwoord in hebreus gebruik word, dui op 'n voortdurende aksie. En hierdie aksie is lofprysing. Dit is wat voortdurend afgewissel word met die kommer van die psalmdigter. Die lofprysing oor die verlossingswerk van die Here.

En hierin lê die praktiese opdrag wat ons vandag, selfs in hierdie moeilike omstandighede kan uitleef. Om altyddeur die Naam van die Here te verheerlik. Dit is wat alles in perspektief plaas. Want wanneer ons die Here Groot maak, dan word ons skielik bewys van hoe klein ons probleme eintlik is. As ons werklik nadink oor ons redding en verlossing, kan ons eintlik nie anders as om die Here te loof nie.

En eintlik is dit net hier waar die voordeel van 'n hoë ouderdom lê. 'n Lang lewe saam met die Here. Soos wat vers 17 dit vir ons beskryf: "17o God, U het my geleer van my jeug af, en tot nou toe verkondig ek u wonders." Duidelik uit hierdie vers lê die voordeel van 'n lewe geleef in vertroue op die Here nie by 'n mens self nie, maar by jou naaste. Want alhoewel lofprysing oor die eer en verheerliking van die Here gaan, word dit ook gehoor deur jou naaste. Deur daardie gemeenskap van gelowiges en ander mense wat rondom jou is wanneer jy die Here loof en prys. Vir

hierdie mense is hierdie vaste vertrouwe in die almagtige hemelse Vader wat so opreg betuig word, soms van onskatbare waarde. Dit kan juis die verskil maak. Die verskil wat nie deur al die debatte en redenasies in die wêreld gemaak kan word nie. Waarlik ek kan nie anders as om altyd op U te bly hoop nie. as om altyd te vertel van die goeie dinge wat U doen.

5. Slot.

Ons kan hierdie preek afsluit met die volgende gedagte. In die preek het ons gereeld verwys na die beproewing wat ouderdom vir mense inhou. En alhoewel letterlik ouderdom beskryf word in die Psalm, kan die beproewing natuurlik deur getrek word na enige iets wat 'n mens magteloos laat voel. Enige iets wat 'n mens uitgelewer laat aan die genade van ander.

Want dit is juis waar die troos in hierdie psalm lê. Dit lê in die nuwe lewe wat uit die doodsheid van die mens geskep word. Soos ons teksvers, maar dan ook veral in vers 20 waar redding en verlossing die psalmdigter wegruk uit die mag van die dood. Ons word deur die Here gered uit die mag van die dood. Uit die watervloed van die sonde waarin ons sou verdrink het.

En dan soos die Psalm duidelik leer, dan is daar net een ding wat vir die gelowige oorbly. Ons moet die Here loof en prys. Ons moet Sy naam groot maak ten spyte van, of nee eerder juis in tye van swaarkry. Ons moet die hele dag deur praat van die magtige verlossingswerk van die Here.

"Ek sal altyd op U bly hoop. Ek sal altyd vertel van die goeie dinge wat U doen."

Amen